# EKURHULENI NOORD DISTRIK
# NOVEMBER TOETS
# REKENINGKUNDE
# GRAAD 11

21 November 2022

Tyd: 2 ure

Totaal: 150

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word verskaf waarin jy Al die vrae moet beantwoord.
3. 'n FORMULEBLAD vir finansiële aanwysers is by die vraestel aangeheg. Jy mag dit gebruik indien nodig.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nie – geprogrameerdbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag slegs 'n BLOU PEN gebruik om die vraestel te beantwoord.
7. Alle bewerkings moet tot EEN desimale punt getoon word, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk nie.

| **VRAAG 1: 37 Punte ; 30 Minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag** | |
| Inkomstestaat | |

| **VRAAG 2: 38 Punte ; 30 Minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag** | |
| Vennootskappe | Balansstaat<br>Notas tot die Balansstaat |

| **VRAAG 3: 30 Punte ; 25 Minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag** | |
| Vennootskappe | Ontleding en vertolking van finansiële state |

| **VRAAG 4: 45 Punte ; 35 Minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag** | |
| Bankversoeningstaat | |
| BTW | |

## VRAAG 1: INKOMSTESTAAT

**(37 punte; 30 minute)**

## BEKKER HANDELAARS

Jy word voorsien van inligting geneem uit die boeke van Bekker Handelaars. Hulle finansiële jaar eindig op 30 Junie 2022. Bekker Handelaars handhaaf 'n winsopslag van 50% op kosprys.

**GEVRA:**

Stel die Inkomstestaat (Staat van Omvattende Inkomste) vir die jaar geëindig 30 Junie 2022 op.(Sommige van die bedrae is reeds op die antwoordblad aangebring.)

**INLIGTING:**

**Uittreksel uit NA- Aansuiweringsproefbalans op 30 Junie 2022.**

| **Balansstaatrekeninge – Afdeling** | **Debiet** | **Krediet** |
|---|---|---|
| Lening : KIM Bank | | 751 200 |
| Debiteurekontrole | 185 000 | |
| Krediteurekontrole | | 126 075 |
| Voorsiening vir oninbare skulde | | 10 725 |
| Handelsvoorraad | 564 000 | |
| SAID:LBS | | 15 000 |
| Pensioenfonds | | 23 500 |
| | | |
| **Nominalerekeninge – Afdeling** | | |
| Verkope | | 11 520 000 |
| Koste van verkope | 7 680 000 | |
| Debiteureafslag | 168 000 | |
| Diverse uitgawes | 386 100 | |
| Bankkoste | 62 850 | |
| Kommissie inkomste | | 96 200 |
| Verpakkingsmateriaal | 23 100 | |
| Oninbare skulde | 26 400 | |
| Herstelwerk en Instandhouding | 161 200 | |
| Salarisse en Lone | 985 000 | |
| Pensioenfondsbydraes | 108 350 | |
| Rente inkomste | | 4 000 |
| Advertensies | 113 600 | |
| Huurinkomste | | 131 580 |
| | | |

## AANSUIWERINGS EN ADDISIONELE INLIGTING

A. Waardevermindering vir die jaar beloop R417 300.

B. Op 9 Junie 2022 het R. Nel, 'n debiteur, handelsware teruggestuur. 'n Kredietnota is aan haar uitgereik. Die kosprys was R 3 000. Geen inskrywing is vir die terugsending van die handelsware gemaak nie. Hierdie items is in die voorraad teruggeplaas.

C. Die insolvente boedel van 'n debiteur, E. Coetzee het 45c in die rand uitbetaal en het op 30 Junie 2022 'n direkte deposito van R 4 500 gemaak. Hierdie transaksie is nie aangeteken nie. Skryf die uitstaande bedrag af.

D. Die voorsiening van oninbare skulde moet na R10 000 aangesuiwer word.

E. Die fisiese voorraadopname op 30 Junie 2022 toon die volgende:

- Handelsvoorraad R 553 650
- Verpakkingsmateriaal R3 600

F. Die advertensie uitgawe is 'n maandelikse kontrak met die plaaslike koerant vir 12 maande geëindig 30 Junie 2022. Die maandellikse koste het op 1 Maart 2022 met 12% toegeneem. Junie maand se advertensie is nog nie betaal nie.

G. Die leningstaat ontvang van KIM – Bank het die volgende inligting verskaf:

| | |
|---|---|
| Saldo op 1 Julie 2021 | R902 400 |
| Terugbetalings gedurende die jaar (rente ingesluit) | R151 200 |
| Rente gekapitaliseer | ? |
| Saldo op 30 Junie 2022 | R810 000 |

H. 'n Werknemer is uit die salarisjoernaal uitgelaat. Sy besonderhede is:

| BRUTO SALARIS | AFTREKKINGS | | PENSIOENFONDS BYDRAE | NETTO SALARIS |
|---|---|---|---|---|
| | LBS | PENSIOENFONDS | | |
| R55 600 | R9 050 | R 10 100 | 15 150 | R36 450 |

I. Die maandelikse huur het gedurende die finansiële jaar onveranderd gebly. Gedurende Mei 2022 het die huurder R5 920 vir herstelwerk aan die perseel betaal. Aangesien Bekker Handelaars vir alle herstelwerk verantwoordelik is, het die huurder dit van huur wat hy vir Mei 2022 betaal het, afgetrek. Let daarop dat die huur vir Junie 2022 nog nie ontvang is nie.

**37**

**VRAAG 2**

**VENNOOTSKAPPE** **(38 punte; 30 minute)**

**LEEGLê HANDELAARS**

Jy word voorsien van inligting vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2022. Die vennote is A. Scott en R. du Plessis.

**GEVRA:**

2.1. **Verwys na inligting B**

Bereken die persentasie rente op kapitaal volgens die vennootskap ooreenkoms. Let daarop dat daar gedurende die finansiële jaar geen veranderinge vir kapitaalrekeninge was nie. (3)

2.2. Voltooi die Privaatrekeninge -nota vir die finansiële jaar geëindig op 28 Februarie 2022. (13)

2.3. Voltooi die Balansstaat op 28 Februarie 2022. Toon jou bewerkings. (22)

**INLIGTING:**

**A.**

| **Uittreksel uit die rekeningkundige rekords op 28 Februarie 2022** | |
|---|---|
| Kapitaal:Scott | 1 320 000 |
| Kapitaal: du Plessis | 880 000 |
| Privaatrekening: Scott (1 Maart 2021) | 65 000(kt) |
| Privaatrekening:du Plessis (1 Maart 2021) | 15 200(dt) |
| Onttrekkings: Scott | 66 000 |
| Onttrekkings: du Plessis | 259 000 |
| Vaste bates teen drawaarde | 2 050 000 |
| Vaste Deposito: Best Bank (12%pj) | 350 000 |
| Handelsvoorraad | ? |
| Debiteurekontrole | 158 000 |
| Voorsiening vir oninbare skulde | 3 900 |
| Lening: Diamond Bank | 208 800 |
| Krediteurekontrole | 85 300 |
| Opgelope inkomste | 12 500 |
| Kontant en kontantekwivalente | 6 000 |
| Oortrokke bank | 55 400 |
| | |

**B. Addisionele inligting**

**a) Inligting met betrekking tot die vennootskapooreenkoms:**

**Vennote se salarisse:**

- Scott het R 20 000 per maand ontvang. Haar salaris is vanaf 1 Desember 2021 met R5 000 per maand verhoog.
- Du Plessis ontvang R240 000 per jaar.

**Rente op kapitaal:**

- Du Plessis sal R 79 200 vir die jaar ontvang.
- Scott ontvang dieselfde % rente as du Plessis.

**Oorblywende wins na primêre verdeling**:

Die oorblywende wins word in die verhouding van die kapitaalbydrae aan die einde van die jaar verdeel.

Die netto wins na die primêre verdeling was R180 000.

b) Die lening van Diamond Bank is oorspronklik op 1 Maart 2020 aangegaan. Die lening moet oor 'n periode van 5 jaar in gelyke maandelikse paaiemente terugbetaal word. Rente word nie gekapitaliseer nie en is op datum.

c) Voorsiening vir oninbare skulde moet met R200 verlaag word.

d) Versekering sluit 'n bedrag van R 7 000 in wat vooruitbetaal is.

e) Voorraad is 'n balanseer syfer.

38

**Vraag 3: Ontleding en vertolking van finansiële state** **(30 punte; 25 minute)**

**3.1. PASITEMS – BEGRIPPE**

KOLOM A bevat 'n lys konsepte en KOLOM B 'n lys verduidelikings.
Kies 'n verduidelliking uit KOLOM B wat pas by die konsep in KOLOM A .
Skryf slegs die letter langs die vraagnommer in die ANTWOORDBOEK. (5)

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.1.1. | Hefboomfinansiering | A | Die vermoë van die onderneming om sy lopende skuld te delg. |
| 3.1.2. | Opbrengs op eienaarsbelang | B | Die vermoë van die onderneming om al sy skuld te delg. |
| 3.1.3. | Solvensie | C | Die mate waartoe 'n besigheid gebruik maak van eksterne lenings om sy bedrywighede te finansier. |
| 3.1.4. | Likiditeit | D | Die vermoë van die onderneming om sy inkomste en lopende uitgawes te beheer. |
| 3.1.5. | Bedryfsdoeltreffendheid | E | Die mate waarin die eienaars beloon is vir hul belgging in 'n besigheid. |

| 3.2 | **Ontleding en vertolking van finansiële state** |
|---|---|

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot LUNA WINKELS vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2022 saam met die vergelykende syfers vir 2021. Die onderneming behoort aan vennote Luné en Nadia

3.2.1. Bereken die volgende finansiële aanwysers vir 2022.

A. Vuurproefverhouding (4)
B. Skuld – ekwiteitsverhouding (3)
C. Bedryfsuitgawes op verkope (3)
D. % Opbrengs verdien deur Luné. (5)

3.2.2. Lewer kommentaar op die likiditeitsposisie van die onderneming vir 2022. Haal TWEE finansiële aanwysers aan om jou antwoord te staaf. (4)

3.2.3. Die vennote het gedink dit was 'n goeie idee om meer van lenings gebruik te maak in 2022. Haal TWEE finansiële aanwysers aan (werklike syfers of persentasies) om hul mening te staaf. (4)

3.2.4. Lewer kommentaar op die % opbrengs verdien deur die besigheid. Luné is baie tevrede met haar opbrengs maar Nadia is teleurgesteld. Haal

finansiële aanwysers/syfers aan om jou antwoord te staaf. (2)

**INLIGTING**

| Uittreksel van die Finansiele state | 28 Febr 2022 | 28 Febr 2021 |
|---|---|---|
| Verkope (60% op krediet) | R 3 900 000 | R 3 200 000 |
| Bedryfsuitgawes | 680 000 | 660 000 |
| Rente op lening (13% p.j.) | 117 000 | 26 000 |
| Vaste bates | 2 130 000 | 1 930 000 |
| Bedrysbates | 1 320 000 | 510 000 |
| Handelsvoorraad | 920 000 | 230 000 |
| Vennotebelang | 2 110 000 | 2 000 000 |
| Langtermyn laste(lening) | 900 000 | 200 000 |
| Bedryfslaste | 440 000 | 320 000 |

| VENNOOT: LUNé | 28 Febr 2022 | 28 Febr 2021 |
|---|---|---|
| Kapitaal | 1 000 000 | 1 000 000 |
| Privaatrekening aan die einde van die jaar | 165 000 | 35 000 |
| Vennoot se salaris | 170 000 | 110 000 |
| Rente op kapitaal (5%p.j.) | 50 000 | 50 000 |
| Bonus | 83 000 | 0 |
| Verdeling van oorblywende wins | 40 000 | 72 000 |
| | | |

| Finansiele aanwysers | 28 Febr 2022 | 28 Febr 2021 |
|---|---|---|
| Bedryfskapitaalverhouding | 2,9:1 | 1,6:1 |
| Vuurproefverhouding | **A** | 0,9:1 |
| Omsetsnelhheid van voorraad | 4 keer | 9 keer |
| Skuld: Ekwiteitsverhouding | **B** | 0,1:1 |
| Rente op lening | 13% | 13% |
| % Bedryfsuitgawes op verkope | **C** | 20,6% |
| % Bedryfswins op verkope | 18,5% | 16,9% |
| % Netto wins op verkope | 15,5% | 16,1% |
| % Opbrengs verdien deur LUNé | **D** | 24,0% |
| % Opbrengs verdien deur NADIA | 23,1% | 28,9% |
| | | |

**30**

## Vraag 4: Bankversoeningstaat, BTW en Interne Kontrole (45 punte; 35 minute)

### 4.1 Bankversoeningstaat

**SAMMY – HANDELAARS**

Die inligting hou verband met Junie 2022. Die besigheid ontvang hulle amptelike bankstaat op die 25ste dag van elke maand.

**GEVRA:**

4.1.1. Voltooi die KOJ en KBJ op 30 Junie 2022 (11)

4.1.2. Bereken die korrekte banksaldo op 30 Junie 2022. Toon aan of die saldo gunstig of ongunstig is. (5)

4.1.3. Stel die Bankversoeningstaat op 30 Junie 2022 op. (9)

4.1.4. **SIEN INLIGTING H**: Verduidelik hoekom die interne ouditeur bekommerd moet wees (haal bedrae aan) en watter aksies moet die eienaar neem. Verskaf EEN probleem en EEN oplossing. (2)

**INLIGTING**

A. Die volgende Bankversoeningstaat is op 31 Mei 2022 opgestel:

| | Debiet | Krediet |
|---|---|---|
| Saldo volgens die Bankstaat | 87 150 | |
| Uitstaande deposito (kontantverkope, gedateer 31 Mei 2022) | | 31 600 |
| Uitstaande EFO nr 55 | 16 850 | |
| Regstelling van fout | | 22 700 |
| Saldo volgens die bankrekening | | 49 700 |
| | 104 000 | 104 000 |
| | | |

B. **Voorlopige totale op 30 Junie 2022:**
**KOJ**: R 47 220
**KBJ**: R 97 860

C. **Tydens die vergelyking van Mei maand se Bankversoeningstaat en die Junie 2022 bankstaat, is die volgende verskille opgemerk:**

(i) Die uitstaande EFO nr 55, uitstaande deposito en die regstelling van die fout verskyn op die Junie bankstaat.

**D.** **Die volgende items op die Junie 2022 bankstaat het nie in Junie se kontantjoernale verskyn nie:**

- EFO ontvang vanaf Mel Promosies vir kommissie verdien, R 36 400
- Die maandelikse debietorder ten gunste van NET CALL vir die selfoonkostes beloop, R2 800.
- 'n Deposito van R23 000 verskyn in die lopende rekening van SAMMY – HANDELAARS op 24 Junie 2022. Hierdie deposito is geidentifiseer as 'n fout wat deur die bank gemaak is. Die bank het ingestem om die fout op die Julie bankstaat te korrigeer.
- Kontantdepositofooie, R1 250
- Diensgeld, R 880
- Rente op debietsaldo, R 2 160
- 'n Debietkaart inskrywing van R11 000 vir die onttrekking van kontant vir die betaal van lone is op die bankstaat geboekstaaf.
- 'n Debietorder vir R10 570 gedateer 24 Junie 2022 ten gunste van MTC cell vir selfoonaankope. Sammy Handelaars doen nie besigheid met die diensverskaffer nie en het die bank onmiddelik in kennis gestel. Die bank het ingestem om die inskrywing reg te stel op die bankstaat van Julie 2022.

**E.** **Verskille opgemerk tydens die vergelyking van die Kontantjoernale met Junie se bankstaat:**

- 'n EFO vir R15 300 is in die KBJ met 'n verkeerde begunstigde aangeteken.Die onderneming sal die fout regstel.
- Kredietkaartverkope verskyn in die Bankstaat as R32 300 maar in die KOJ as R23 200. Die bankstaat is korrek. Herstel die fout.

**F.** **Items in die joernale, maar nie in die Junie bankstaat nie:**

- EFO nr 633 vir R 24 800 gedateer 28 Junie 2022 in die KBJ.
- 'n Kontantdeposito van R34 620 gedateer 30 Junie 2022 vir verkope, in die KOJ.

**G.** Die Junie 2022 bankstaat reflekteer 'n saldo van R????

**H.** In Julie 2022 het die interne ouditeur ontdek dat KS977- 986 se werklike totaal R44 620 is. Die inskrywing in die KOJ toon die volgende:

| Dok | Dag | Besonderhede | Ontleding van ontvangste | Bank |
|---|---|---|---|---|
| KS 997 -986 | 30 Junie | Kontant | 34 620 | 34 620 |

(27)

## 4.2. BTW EN INTERNE KONTROLE (18)

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs "waar" of "onwaar" langs die vraagnommer (4.2.1. – 4.2.4.) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.2.1. BTW wat deur 'n besigheid betaal word op goedere aangekoop, word BTW – inset genoem.

4.2.2. Dit is verpligtend vir alle besighede om vir BTW te registreer.

4.2.3. BTW – opgawe aan SAID word na elke ses maande se handelsbedrywighede ingedien.

4.2.4. Brandstof is 'n voorbeeld van 'n BTW item met 'n nulkoers. (4)

## BTW EN INTERNE KONTROLE

4.3. Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Cream Handelaars Die eienaar is 'n geregistreerde BTW – ondernemer en BTW op belasbare items word teen 15% gehef.
Die totale/syfers vir September 2022 word hieronder verskaf.

**GEVRA**:

4.3.1. Bereken die korrekte BTW syfers wat of betaalbaar of ontvangbaar is aan SAID. Dui aan of die bedrag ontvangbaar of betaalbaar is. (10)

4.3.2. Die eienaar, Cyril, het die BTW wat van kliente ontvang is, gebruik om salarisse en bonusse te betaal, daarom was hy nie instaat om die BTW wat aan SAID verskuldig was, te betaal nie.

- Lewer kommentaar op hierdie praktyk van Cyril. Verskaf EEN punt.
- Gee raad aan Cyril om sulke voorvalle in die toekoms te vermy. Verskaf TWEE punte. (4)

**INLIGTING**

A. Saldo verskuldig aan SAID op 1 September 2022 beloop R 21 225.

B. Inligting verkry uit die Joernale vir September 2022.

| | BEDRAG | BTW BEDRAG |
|---|---|---|
| Kontant en kredietverkope (BTW inklusief) | 416 300 | ? |
| Krediet aankope van handelsvoorraad ( BTW inklusief) | 254 150 | ? |
| Handelsvoorraad teruggestuur na verskaffers (BTW eksklusief) | 38 000 | ? |
| Onttrekkings van handelsvoorraad | | 660 |
| Oninbare skuld van debiteure afgeskryf | | 1 290 |
| Korting toegestaan aan debiteure | | 2 145 |



45

**EKHURHULENI NOORD DISTRIK**

# REKENINGKUNDE

# GRAAD 11

# ANTWOORDBOEK

# 21 NOVEMBER 2022

**NAAM**__________________________________________**KLAS**________

| VRAAG | TOTALE PUNTE | PUNT BEHAAL | GEMODEREERDE PUNT | MODERATOR PARAAF |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 37 | | | |
| 2 | 38 | | | |
| 3 | 30 | | | |
| 4 | 45 | | | |
| TOTAAL | 150 | | | |

**Hierdie ANTWOORDBOEK bestaan uit 11 bladsye**

**VRAAG 1: INKOMSTESTAAT** **(37 punte;30 minute)**

**BEKKER HANDELAARS**

## INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEëINDIG 30 Junie 2022

| | |
|---|---|
| Verkope (11 520 000 – 168 000 | |
| Koste van verkope | |
| Bruto wins | |
| ANDER BEDRYFSINKOMSTE | |
| Kommissie inkomste | 96 200 |
| Huurinkomste (131 580 | |
| | |
| BRUTO BEDRYFSINKOMSTE | |
| BEDRYFSUITGAWES | |
| Diverse uitgawes | 386 100 |
| Bankkoste | 62 850 |
| Oninbare skulde (26 400 | |
| Advertensie ( 113 600 | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| Bedryfswins | |
| Rente inkomste | 4 000 |
| Wins voor rente uitgawe | |
| Rente uitgawe | |
| Netto wins vir die jaar | |
| | |

| |
|---|
| |
| 37 |

**VRAAG 2 VENNOOTSKAPPE** **(38 punte; 30 minute)**

| 2.1. | Bereken die persentasie rente op kapitaal |
|---|---|
| | |

| |
|---|
| |
| **3** |

| **2.2 LOPENDE REKENINGE /PRIVAATREKENINGE** | | |
|---|---|---|
| | **SCOTT** | **Du PLESSIS** |
| Vennote se salarisse | | 240 000 |
| Rente op kapitaal | | 79 200 |
| Primêre verdeling | | 319 200 |
| Finale verdeling | | 72 000 |
| Netto wins vir die jaar | | 391 200 |
| Onttrekkings | (66 000) | (259 000) |
| | | 132 200 |
| Saldo aan die begin van die jaar | | |
| Saldo aan die einde van die jaar | | |
| | | |

| |
|---|
| |
| **13** |

**LEEGLê HANDELAARS**
**BALANSSTAAT OP 28 FEBRUARIE 2022**

| | |
|---|---|
| **BATES** | |
| **NIE – BEDRYFSBATES** | 2 400 000 |
| **Vaste Bates** | 2 050 000 |
| **Vaste deposito** | 350 000 |
| | |
| **BEDRYFSBATES** | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| **TOTALE BATES** | |
| | |
| **EKWITEIT EN LASTE** | |
| **EKWITEIT** | |
| **Kapitaal** | |
| **Privaatrekening** | |
| | |
| **NIE – BEDRYFSLASTE** | |
| | |
| | |
| **BEDRYFSLASTE** | |
| **Handels en ander betaalbare bedrae** | 85 300 |
| **Oortrokke bank** | |
| **Korttermyn lening** | |
| | |
| **TOTALE EKWITEIT EN LASTE** | |
| | |

| |
|---|
| **22** |

| |
|---|
| **38** |

**Vraag 3** **(30 punte; 25 minute)**

**Ontleding en Vertolking van finansiele state**

**3.1. PASITEMS en BEGRIPPE**

| | |
|---|---|
| 3.1.1. | |
| 3.1.2. | |
| 3.1.3. | |
| 3.1.4. | |
| 3.1.5. | |

| |
|---|
| |
| 5 |

| | |
|---|---|
| 3.2.1. | **Bereken die volgende finansiele aanwysers vir 2022** |
| A | **Vuurproefverhouding** |
| | |
| B | **Skuld – ekwiteitsverhouding** |
| | |
| C | **Bedryfsuitgawes op verkope** |
| | |
| D | **% Opbrengs verdien deur Lunè** |
| | |

| |
|---|
| |
| **15** |

| 3.2.2. | Lewer kommentaar op die likiditeitsposisie van die onderneming vir 2022. Haal TWEE finansiële aanwysers aan om jou antwoord te staaf |
|---|---|
| | |

| |
|---|
| 4 |

| 3.2.3. | Die vennote het gedink dit was 'n goeie idee om meer van lenings gebruik te maak in 2022. Haal TWEE finansiële aanwysers aan (werklike syfers of persentasies) om hul mening te staaf |
|---|---|
| | |

| |
|---|
| 4 |

| 3.2.4. | Lewer kommentaar op die % opbrengs verdien deur die besigheid. Luné is baie tevrede met haar opbrengs maar Nadia is teleurgesteld.<br>Haal finansiële aanwysers/syfers aan om jou antwoord te staaf |
|---|---|
| | |

| |
|---|
| 2 |

| |
|---|
| 30 |

Vraag 4

(45 punte; 35 minute)

4.1. Bankversoeningstaat

4.1.1. Toon die veranderinge in die kontantjoernale vir Junie 2022 aan.

| Kontantontvangstejoernaal<br>Slegs bedrae | | Kontantbetalingsjoernaal<br>Slegs bedrae |
|---|---|---|
| 47 220 | | 97 860 |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

| |
|---|
| 11 |

| 4.1.2. | Bereken die korrekte Banksaldo op 30 Junie 2022 |
|---|---|
| | |

| |
|---|
| 5 |

**4.1.3. Bankversoeningstaat op 30 Junie 2022.**

| | Debiet | Krediet |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

| |
|---|
| 9 |

| 4.1.4. | **Verwys na INLIGTING H.**<br>**Verduidelik hoekom die interne ouditeur bekommerd moet wees (haal bedrae aan) en watter aksie stappe moet die eienaar neem.** |
|---|---|

| Probleem | Advies |
|---|---|
| | |

| |
|---|
| 2 |

## 4.2. BTW

| | |
|---|---|
| 4.2.1. | |
| 4.2.2. | |
| 4.2.3. | |
| 4.2.4. | |

| |
|---|
| |
| 4 |

| 4.3.1. | Bereken die bedrag betaalbaar of ontvangbaar van SAID |
|---|---|
| | |

| |
|---|
| |
| 10 |

| 4.3.2. | Die eienaar, Cyril, het die BTW wat van kliënte ontvang is, gebruik om salarisse en bonusse te betaal, daarom was hy nie instaat om die BTW wat aan SAID verskuldig was, te betaal nie. |
|---|---|

| Probleem | Aksie |
|---|---|
| | |

| |
|---|
| 4 |

| |
|---|
| 45 |